

24 April

Skrifgedeelte: Ester 9:20-32

Fokusgedeelte: Ester 9:20-22

Die Here het mag om die grootste bedreiging tot ons redding om te keer

Hamman het met die lot (Pur) 'n dag aangewys waarop die Jode doodgemaak moes word. Die Here het egter ingegryp en vir Ester gebruik om Hamman se bose planne aan die lig te bring. Hamman sterf aan die galg wat hy vir Mordegai opgerig het. So word Mordegai deur die koning in Hamman se plek aangestel, en kon hy en Ester die koning oorreed om 'n tweede bevel uit te vaardig dat die Jode hulleself mag verdedig op daardie dag.

So het die dag wat as die Jode se ondergang beplan is, vir hulle 'n dag van oorwinning geword. Op daardie dag het hulle hul vyande verslaan. Na die oorwinning het die Jode op bevel van Ester en Mordegai elke jaar die Purimfees gevier. Die naam kom van "pur" wat "lot" beteken. Tydens hierdie fees wat oor twee dae gehou is, het hulle met blydskap feesgevier en saam geëet terwyl hulle terugdink hoe die Here hulle lot van rou in oorwinnig en feesviering verander het. Wat hulle oordeelsdag moes gewees het, het hulle oorwinning geword.

Hieruit leer ons dat God enige mag op aarde kan ombuig om daardeur sy wil te laat geskied. Hy het die mag om die grootste bedreiging in hierdie wêreld om te keer tot ons redding. So het Hy die bedreiging van die kruis omgekeer dat daar deur die kruisiging van Jesus Christus vir ons die grootste redding gekom het – die redding van sondes en die ewige verderf.

Vanweë die hoë misdaad in ons land word ons lewens daaglik bedreig. Tog leer ons uit die boek Ester dat ons net op die Here moet vertrou. Geen bose mag en planne wat mense maak, kan teen God se almag stand hou nie. Hy is in beheer. Daarom kan ons in die grootste benoudheid altyd op Hom bly wag en op Hom vertrou vir uitkoms. As dit volgens sy wil is, sal Hy dit vir ons gee. Selfs al laat die Here toe dat ons liggame doodgemaak word, weet ons ons siel kan nie doodgemaak word nie. Die dood as grootste bedreiging word nou ons deurgang tot oorwinning en ewige feesvreugde.

Sing: Psalm 118:6 (1936)

Ds MAF Kruger (Alberton)